# GIF TUSSEN ONS ARE



## WERKBOEK

**NAAM EN VAN:** ______________________________

**DEUR: EVERT WASSERMAN**

# Blitsvinnig
# GIF TUSSEN ONS ARE
# WERKBOEK

## Deur Evert Wasserman

### Moontlik gemaak deur
Beverley Wasserman

*ALLE VISUELE HULMIDDELS WAT GEBRUIK IS, IS DEUR CANVA PREMIUM LIDMAATSKAP VERKRY, EN MAG VIR KOMMERSIËLE DOELEINDES GEBRUIK WORD.*

ALLE REGTE VOORBEHOU, GEEN GEDEELTE VAN HIERDIE STUDIEWERKGIDS MAG OP ENIGE MANIER SONDER TOESTEMMING GEKOPIEER WORD NIE.

**ISBN: 978-1037-046636**

**KONTAKBESONDERHEDE:**

K & M Edubooks (Pty) Ltd
Margie Kramer
sales@km-edubooks.co.za
Sel: 082 769 5506
Faks: 086 274 4496

## HOOFSTUK 1: KRIEK

**OORSIG OOR DIE HOOFSTUK:**



- Die hoofstuk speel af in Oktober 2023, in Benmore Gardens Gauteng.
  Kriek is die verteller en stel homself aan die leser voor.
- Raymond se bynaam is Kriek omdat hy baie goed in krieket was. Hy is gewoond aan sy bynaam.
- Hy speel nie meer krieket nie as gevolg van beserings nadat iemand hy deur 'n seun by die trappe afgestamp is.
- Kriek is 'n intelligente en private mens wat mense nie sommer vertrou nie. Hy sien die seuns as kompeterend, snobisties en as rugstekers.
- Sy pa, Simon, is in 2020 oorlede en hy het twee slaghuise gehad. Sy ma, Veronica, is 'n veearts.
- Na Kriek se trauma in 2020 is hy kosskool toe maar hy het in die drie jaar nog nie sy pa se dood aanvaar of verwerk nie. Kriek wil nie oor sy broer praat nie.
- Kriek is in Pres-Academia. Die koshuise word na voëls vernoem en Kriek is in Huis Elsies.
- Hy is ongelukkig by sy skool en gaan die einde van die jaar terug Kaap toe.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat is die hoofrede dat Kriek sy hoërskoolloopbaan by Pres-Academia begin het?

   ______________________________

2. Vertel in een sin waarom Raymond se bynaam "Kriek" is.

   ______________________________

3. Watter TWEE beserings het Kriek opgedoen wat die einde van sy krieketloopbaan beteken het?

   ______________________________

   ______________________________

4. Hoe het Kriek se ma en pa se werke verskil? Antwoord in jou eie woorde.

   ______________________________

   ______________________________

5. Noem TWEE dinge wat sal maak dat jy goed by Pres-Academia inpas.

   ______________________________

   ______________________________

6. Gee ENIGE TWEE woorde wat Kriek gebruik om die seuns by die skool te beskryf.

   ______________________________

7. Watter persepsie het Kriek oor Huis Hamerkop se seuns? Antwoord in jou eie woorde.

   ______________________________

   ______________________________

8. Waarom glo Kriek dat die Kaapprovinsie beter as Gauteng is? Gee TWEE antwoorde.

   ______________________________

   ______________________________

## HOOFSTUK 2: KOEDOE

**OORSIG OOR DIE HOOFSTUK:**

- Die hoofstuk speel by Kriek se skool af.
- Kriek stel die leser aan Koedoe voor.
- Kriek sien vir James (Koedoe) as 'n ware vriend en iemand wat jy kan vertrou.

3. Verduidelik in jou eie woorde wat die woord "onderduims" beteken.

4. Wat is die rede dat dit vir Koedoe so moeilik is om kos te bestel en dit dan te eet?

5. Hoekom sien Koedoe een keer per week die skoolsielkundige? Gee TWEE antwoorde.

## HOOFSTUK 4: SNOEK

**OORSIG OOR DIE HOOFSTUK:**



- Kriek se koshuis is gestraf en hulle moet op die aantreblad gedurende pouse staan.
- Daar is 'n formele saalopening by die skool in die Columbus-saal. Dit is die laaste saalopening van die jaar omdat die eksamen binnekort begin.
- Die skoolhoof, Meneer Snoek, is laat vir die saalopening.
- Kriek is dankbaar dat die hoof hom ingeneem het al is dit dalk omdat die hoof en sy pa mekaar goed geken het.
- Snoek hanteer almal die selfde en Kriek het geen spesiale behandeling gekry toe hy na die skool toe gekom het nie. Hy het wel twee selfone. Die een is ingegee en die ander een is weggesteek.
- Meneer Snoek wil hê dat Kriek en sy ma in kontak met mekaar moet bly, om dit wat gebeur het, te verwerk.
- Kriek weet dat die hoof en sy ma gereeld gesels en hy is bly daaroor want dan bekommer sy ma nie so baie oor hom nie.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Die oggend voor saalopening word Kriek en sy koshuismaats gestraf. Waarom is hulle gestraf?

2. Waaroor was Kriek bly toe dit saalopening was?

3. Gee EEN karaktereienskap van meneer Snoek uit die hoofstuk.

4. Hoe het meneer Snoek en Kriek se pa mekaar geken?

5. Waarom is Kriek toegelaat om twee selfone te hê?

6. Hoekom pla dit Kriek nie as die skoolhoof en sy ma af en toe praat nie?

7. Dink jy dat dit regverdig is dat Kriek twee selfone mag hê terwyl die ander kinders net toegelaat word om een selfoon te hê? Motiveer jou antwoord.

3. Waarom het die skoolhoof, meneer Snoek, dit toegelaat dat Kriek twee selfone mag hê?

4. Hoekom, dink jy, vermy Kriek se ma dit om oor die moord te praat?

5. Kriek se lewe het verander en sy slaaptyd word negatief beïnvloed. Bespreek die stelling.

## HOOFSTUK 12: DIE EINDE

**OORSIG OOR DIE HOOFSTUK:**

- Dit is 5 Desember en Kriek se laaste dag by Pres-Academia in Graad 10.
- Sy ma kom haal hom en kry sy rapport by meneer de Waal en hy wens Kriek sterkte toe met sy nuwe skool.
- Kriek en sy ma vlieg van OR Tambo Internasionale lughawe na Kaapstad.
- Cecilia en Kerneels gaan hulle daar optel.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wanneer laas het Kriek sy ma gesien?

2. Noem TWEE dinge wat meneer de Waal vir Kriek en sy ma gesê het.

## HOOFSTUK 13: PIZZA

**OORSIG OOR DIE HOOFSTUK:**

- Die hoofstuk begin by Kriek se nuwe huis.
- Kriek moet nog gewoond raak aan die nuwe huis en sy nuwe kamer.
- Hy kry 'n WhatsApp-boodskap van Koedoe af waarin hy hom vertel dat sy familie Kaap toe kom en dat hulle bymekaar moet kom.
- Cecilia stel voor dat Kriek en sy ma by Pizza-2-perfecto gaan eet.
- Kriek se ma vertel hom dat haar medikasie werk maar dat sy nog soms angstig voel.
- Hy wil weet of hulle ooit gaan praat oor wat gebeur het. Sy ma glo dit is tyd maar vra of hulle dit net in klein dele kan opbreek wat hulle albei kan verwerk.
- Sy vertel vir Kriek hoe baie sy, sy pa mis. Hulle gesels oor sy pa se goeie tye, sy sukses en sy dood. Hulle albei huil en praat nie oor Wynand nie.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom dink jy het Cecilia daarop aangedring dat Kriek en sy ma êrens gaan eet?

2. Hoe het Kriek se ma reageer toe hy haar vra of hulle ooit oor die moord gaan praat? Antwoord in jou eie woorde.

3. Noem EEN ding wat sy vir vertel wat vir haar baie moeilik is.